Uitgawe 1

# Soutpansberg Nuusbrief



## "Kies die regte Koeël"

## Jagstories

## Jagters Blokraai

## Resepte

# INDEKS

## JAGSTORIES


| | |
|---|---|
| Nico Wepener en AJ Janse van Rensburg Jagte | Bl. 3 |
| Tiny Rademeyer Jag | Bl. 6 |
| Kalahari Jag op sy Beste | Bl. 7 |
| Buffel Jag | Bl. 13 |


## Artikels


| | |
|---|---|
| *Die Gemsbok (Oryx – Gazella)* | *Bl. 4* |
| *Kies die Regte Koeël* | *Bl. 15* |



## Uitblinkers Bl. 14


## Resepte


| | | |
|---|---|---|
| Corlia Broodjies | Bl. | 18 |
| Gedruipte Wildsfilet vir die Vlamme | Bl. | 19 |





## Net vir die Lekker


| | |
|---|---|
| JAGTERS BLOKRAAI | BL. 10 |
| NATUUR KOPKRAPPERS | BL. 11 |
| SUDOKU | BL. 12 |
| LAG 'N BIETJIE | BL. 20 |

## ANTWOORDE BL. 21

## Aansoekvorm Bl. 23

# JAGSTORIES



**Ons Voorsitter op Uitvoerend, Nico Wepener, het onlangs ’n prag Koedoebul van 57” geskiet in die Limpopo Rivier.**

**Hy het gejag met sy pasmaak 404 Jeffery. Sy 320gr Impala Punte het hy self gelaai.**

**Hy het dié meneer van ’n bul op ’n spog afstand van 207 meter met die swaar kaliber geskiet. Volgens Nico het die bok slegs so 25m gegaan en toe neergeslaan.**

**“Dit was die vêrste skoot wat ek nog met die Jeffery gewaag het en hy het nie teleurgestel nie”, sê Nico.**

**Baie geluk Nico dit dui op ‘n skut wat sy geweer en trajek ken.**

**AJ Janse van Rensburg het vir ons hulle foto’s gestuur van die jaar se Askam jag by STS Safari. Hulle het 2 dae lank gejag. Dankie, AJ, en baie geluk manne dit lyk of julle baie lood gegooi het!**



*Die Gemsbok (Oryx Gazella) is 'n groot bok in die Oryx-genus, en word ook soms na verwys as Spitsbokke of Spiesbokke.*

Hulle is gehoefde soogdiere wat vinnig kan hardloop en tot die subfamilie van perdagtige wildsbokke (Hippotraginae) behoort.

Gemsbokke het 'n uitgebreide, maar ondeurdagte verspreiding in Suidwes-Afrika, in Botswana, Namibië, Zimbabwe en Suid Afrika. Dit is inheems aan die droë streke van Suid-Afrika, soos die Kalahari, maar kom tog wyd voor regoor die land.

Die gemsbok word uitgebeeld op die wapen van Namibië waar die huidige bevolking van die spesies ongeveer op 373 000 individue geraam word.


Die naam Gemsbok is afgelei van die Nederlandse naam van die manlike *Chamois. Alhoewel sommige oppervlakkige ooreenkomste in voorkoms, veral in die gesigpatroon, opgemerk word, is die Chamois en die Oryx nie nou verwant nie.

Die mees kenmerkende eienskappe van hierdie swaargeboude boksoorte is sy lang, rapier vormige horings en treffende swart en wit gesig merke. Die pragtige horings van die gemsbok word gesoek as sjarme in baie kulture en is selfs in die Middeleeuse Engeland as “unicorn” horings verkoop.
’n Gemsbokhoring kan 'n natuurlike basuin vorm, en volgens sommige owerhede kan dit as 'n**Shofar* gebruik word.

Die lyf is ligbruin-grys met 'n swart streep langs die kant wat die rugkant van die wit borskant, skei en daar is groot swart areas op sy bo bene.
Gemsbokke leef in troppe van ongeveer 10-40 diere. In sekere gebiede is al groter hoeveelhede in een trop aangeteken. Troppe bestaan uit 'n dominante bul, 'n paar nie dominante bulle, en koeie.

Hulle woon hoofsaaklik in die droë gebiede en is nie afhanklik van drinkwater om aan hul fisiologiese behoeftes te voorsien nie. Hulle kan ’n hardloop spoed van tot 60 km / h bereik.

Die gemsbok het 'n lang, perdagtige stert. ’n Gemsbok kalf het geen swart liggaamsmerke nie. Een baie seldsame voorkoms is die "Golden Oryx", wanneer die Gemsbok se swart merke gedemp word en dan goud lyk.




Die Gemsbok is die grootste spesie in die Oryx-genus. Hulle staan ongeveer 1.2 m van grond tot skouer. Die lengte van die liggaam kan wissel van 190 tot 240 cm en die stert meet 45 tot 90 cm.

Die manlike Gemsbok kan tussen 180 en 240 kg weeg, terwyl die vroulike geslag 100-210 kg weeg.
Gemsbok word wyd gejag vir hul skouspelagtige horings wat gemiddeld 85 cm lank is. Van vêr af is die enigste uitwendige verskil tussen die manlike en vroulike diere, hul horings, en baie jagters verwar die koeie vir die bulle. By die bulle is die horings geneig om dikker



**te wees met groter basisse. Koeie het effens langer, dunner horings.**
**Koeie gebruik hul horings om hulself en hul kinders van roofdiere te verdedig, waar bulle hoofsaaklik hul horings gebruik om hul grondgebied van ander bulle te verdedig.**
**Gemsbok is een van die min boksoorte waar vroulike trofeë soms meer wenslik is as manlike trofeë.**

**Die gemsbok is ’n poliginiese dier, met een bul wat al die ontvanklike koeie in die kudde dek. Die bul is bekend daarvoor om eksklusiewe paring toegang tot die wyfies te verseker deur te probeer om gemengde- of “kleuterskool”-hokke op sy grondgebied te bekom.**
**Die gemsbok het geen gespesifiseerde paar seisoen nie, maar die jonges in 'n gegewe kudde is geneig om van 'n soortgelyke ouderdom te wees as gevolg van reproduktiewe sinkronisasie tussen die koeie.**

**Swanger koeie moet die kudde verlaat voordat hulle geboorte gee.**
**Swangerskap duur ongeveer 270 dae en die ma gee geboorte aan 1-2 nakomelinge. Die kalf kan tot 6 weke na geboorte verborge bly, waarna die moeder en die kalf weer by die kudde aansluit. Die kalf word gespeen op 3,5 maande, en word onafhanklik op 4,5 maande, en bereik dan seksuele volwassenheid by 1.5-2 jaar in beide geslagte.**
**Die lewensverwagting van ‘n Gemsbok is om en by 20 jaar.**

**Gemsbokke is herbivore (plant vreters). Hulle vreet gras, struike en wortels, en spandeer die meeste van hul tyd aan beweiding. Die bokke is herkouers, dus sluk hulle hul voedsel sonder om dit te kou. Na 'n ruk sal hulle gedeeltes daarvan opbring en herkou, voordat hulle dit finaal insluk.**
**Die spesie is ook aangepas om te verander na blaarvreters gedurende die droë seisoene of wanneer die gras yl is.**
**As gevolg van hulle habitat in droë gebiede, kan hulle lank klaarkom sonder om water te drink, aangesien hulle baie van die water wat hulle benodig, kry van die plante wat hulle vreet. Hul kan tot 'n meter diep grawe om wortels en knolle te kry.**

**In 1969 het die New Mexico-Departement van Wild en Vis besluit om gemsbokke aan die Tularosa-bekken in die Verenigde State voor te stel. Die inleiding was 'n kompromie tussen diegene wat die natuur wou bewaar en diegene wat dit vir wins en bevordering wou gebruik. Drie-en-negentig is vrygestel van 1969 tot 1977, met die huidige bevolking na raming, ongeveer 3 000 eksemplare. Hulle het gedy omdat hulle natuurlike roofdiere, insluitend die leeu, nie teenwoordig is nie.**

**Rekord Horing Lengtes**

| | | |
|---|---|---|
| **SCI:** | **Min – 81** | |
| | **Boog – 72** | |
| | **Goud – 82** | |
| | **Boog Goud – 87 3/8** | |
| **Roland Ward:** | **Min – 40** | |
| | **Rekord – 49 1/2** | |
| **SA:** | **Min – 40** | |
| | **Rekord – 47 1/2** | |

# Tiny se jag storie

Tiny Rademeyer vertel hoe sy en haar Pa, Michael Rademeyer, vroeg die oggend uitgery het plaas toe. Die gits het hulle ingewag. Hulle het so om-en-by in die middel van die plaas gestop en besluit om die aantog verder te voet aan te pak. Hulle het amper onmiddellik die rooibokke teëgekom. Met gits voor, Tiny in die middel met haar .300 Winchester Magnum en haar pa wat hulle volg kom hulle ’n mooi rooibok ram teë maar kon ongelukkig nie ’n mooi oop skoot kry nie en die rooibok beweeg toe aan. Tiny sê “Ons was heel tyd tussen die rooibokke… mens kan nie se daar is nie bokke op die plaas nie. Hulle was heel tyd om ons maar ons kry net nie n oop skoot nie want dis so ruig.”



Bietjie later word dit warmer en die klomp besluit om hulle warm goed op ’n boom te los om later voor terug te kom. Na lang loop, op hurke kruip en lang tye stilsit besluit hulle om maar terug te keer bakkie toe. Op pad kry hulle ’n pragtige rooibok ram maar ongelukkig kry Tiny nie haar dooierus nie en die rooibok stap toe aan.

Tiny vertel “Ons besluit om maar huis toe te gaan en ’n ruk te rus. 3 Uur die middag was ons terug en besluit ons toe om n stukkie te ry. Ons kry n bok wat in die pad staan maar toe ek die geweer uit haal en op die stokke sit toe is die bok weer weg.”

Na ’n lang gespook kry hulle toe ’n troppie met mooi ramme. “Daar staan een rooibok met my naam op” sê Tiny. Die bok was ongeveer 30m van haar af. Die bok begin weer wegloop maar toe hy vassteek sien Tiny haar kans en laat die loot loop en hy val net daar! Sy land ’n pragtige kopskoot. Tiny onthou “Ek het baie geleer op die jag. My voete was seer van al die loop maar dit was n lekker jag ondervinding.”

**Welgedaan Tiny!**



# KALAHARI JAG OP SY BESTE

Deur Charles J Pieterse

Dit was reeds vroeg vanjaar wat ek met 'n eiendomsagent genaamd Johannes Bester, wat intussen 'n goeie vriend geraak het, gereël het dat ek en my geliefde beste maat en eggenote Marcelle, weer na grond wil gaan kyk in die Kalahari, waar ons van voorneme is om 'n stukkie Kalahari aarde te probeer bekom (as ons die regte plaas kry), met die oog om in die toekoms en as die Here wil, daarop voltyds te kan gaan boer. Hierdie soeke na die "regte plaas" wat met ons hart en verstand in harmonie praat, het ons nou al die laaste 3 jaar na die Kalahari gelei. Beide van ons het verlief geraak op rooi duine met Kameeldoring, Vaalkameel en Witgat veld en in ons soeke het ons die Noord-Kaap al redelik plat gery en het die Askam en/of Van Zylsrus gebied in ons gedagtes geblyk die area te wees waar ons verder spoor moet vat. Alhoewel die natuur, die mense en die rustigheid my "ribbebeen" diep geraak het in ons reise in die Kalahari, was ek bewus dat sy eintlik nog nooit die voorreg gehad het om in die Kalahari te jag, veral nie met haar eie geweer nie en wou ek graag dit met haar wou deel as my gunsteling persoon in 'n jaggeselskap.



Vandaar het ek weer met Johannes gepraat en het ek aan hom genoem dat met beperkte tyd aan ons kant sal ons graag NAMPO wil gaan bywoon, daarna sal ons koers kies Kalahari toe om grond te kyk en sal 'n jagtog 'n bonus wees (as hy iets kon reël) aangesien ek graag my vrou die voorreg sou wou gee om op 'n Springbok of twee en dalk op 'n Gemsbok aan te lê wat op 'n rooi duin iewers in die Kalahari staan. Hy was aanvanklik verbaas dat ek aangedui het dat die jag hoofsaaklik vir my vrou se onthalwe was en dat sy grotendeels dien "jag werk" sou doen (om vleis op die tafel te sit). Hy het aangedui dat hy sal uitvind wie ons sal kan akkommodeer en was hy meer verbaas om te hoor dat my jagmaat haar eie langafstand geweer besit.



Kort voor lank het hy aangedui dat hy 'n jag gereël het by 'n vriend van hom aan wie hy jare tevore 'n plaas verkoop het, te wete 'n ene Hein, by 'n plek genaamd Pearson's Hunt. Dit sou later blyk dat Pearson's Hunt slegs 'n plaasnaam is en geen dorp hoegenaamd nie. Selfs die GPS het aanvanklik gesukkel om die plek te vind. Hy het ook gemeld dat Hein nog nooit op sy plaas laat jag het sedert hy dit aangekoop het nie en skepties was vir Suid-Afrikaanse jagters, wat soms meer in die bottel as in die veld belangstel. Daar is ook gesê dat daar heelwat pragtige trofeebokke op die plaas loop. Ek dink die gedagte dat 'n vroue jagter sou saamkom, het moontlik Hein se kop geswaai. Ons was ook maar skugter, want Pearson's Hunt ken ons nog nie en nou-nou is dit nie die prentjie wat ons voorgestel het nie, verdermeer het ons geen ander verwysing van die plaaseienaar gehad, anders as die aanbeveling van Johannes nie.



Verblyf is op ’n naby-geleë plaas gereël wat ons basis sou wees wanneer ons gaan grond kyk en wanneer ons met tye gaan jag. Ons was met Kalahari-gasvryheid ontvang deur ’n gasvrou 1000, wat etes vir ons voorberei het op die plaas Kopzeer van Stoffel en Carolina Viljoen en die verblyf, sowel as kos was voortreflik. Hierdie mense het ’n manier om met jou hart te praat en hul vra hoe dit gaan, asof hulle regtig omgee. Op die jagplaas aangekom het ons vinnig besef dat die veld mooier en beter hier was as die “prentjie” wat ons in ons verbeelding geskep het. Die plaaseienaars Hein en Melanie Joubert tesame met hulle twee jong seuns Henk en Wian, wat later diep in ons harte gekruip het, het ons dadelik welkom laat voel en met die eerste oogopslag het dit geblyk dat professionaliteit en netheid aan die orde van die dag sou wees op hierdie familie atmosfeer plaas. Ons was na die skietbaan wat een van die mees praktiese skietbane is op ’n Kalahari plaas wat ek nog teëgekom het, met verstelbare stoeltjie vir die korter jagters onder ons. Marcelle se kaliber van keuse was haar nuwe Howa 6.5mm Creedmore met pasmaak groen kolf uit Potchefstroom en haar Mamba knaldemper met ammunisie wat sy self gelaai het met 123gr Hornady SST punte, myne was ook 6.5mm of .264” diameter in Tikka 260 REM met GRS Berserk kolf gelaai met Nosler 129 gr VLD punte. Beide skuts se gewere het die baantoets geslaag en was ons meegedeel dat bokke redelik mak is en ongeveer op 100-150 meter verwag kan word.

Marcelle was eerste aan die beurt en het sy haar kruishaar op 197 meter rustig laat raak op ’n Gemsbokbul se kop, tussen die oor, oog en horing. My woorde aan haar was: “ 197 meter, haal asem, konsentreer, jy weet watter “mildot”, net soos toe jy geoefen het, wees rustig, haal asem, geniet dit en druk saggies die sneller as jy reg is.” So deur die jare het ek al geleer as ek opgewondenheid kalmeer deur haar rustig te hou en deur te fokus op die basiese tegnieke van die skoot afdruk dan oortref sy meestal my vermoëns. Ek het deur die Leica verkyker met afstandmeter duidelik gesien hoe die stof op presies die regte plek uitslaan en die Gemsbok se bene het geswik en was die pragtige dier bokveld toe, sonder dat hy daarvan bewus was. Marcelle skynbaar ook, want sy het nie die bok in die lang gras sien val nie, maar wel gehoor dat die skoot “raak” tref. Wat ’n voorreg en wat ’n begin van die jag. “Mamma” het wragtig weer as’t ware eerste die vleis op die tafel gesit, alhoewel “pappa” nog steeds die “tjek” moet teken.



Hierna was dit my beurt en het ek drie prag springbokramme gejag oor gemiddelde afstande van 120-150 meter waar “pa” darem ook nie die 260 Rem in die stof laat byt het nie en my grootste ram skat ek raak so amper aan die 14”. Die twee jong “gidse” was blitsvinnig met die knipmes en het telkens behendig die binnegoed uitgehaal en dit was duidelik dat hul tuisonderrig, veral in die veld prakties toegepas word en dit met lof. Hulle pragtige maniere en bedagsaamheid het uitgestaan soos ’n groot Kameeldoring wat seldsaam op ’n rooi duin groei...

Die volgende dag het ons weer grond gaan kyk en het ons gou besef dat hierdie gebied met ons hart en verstand, in harmonie praat, ons moes net die plaas vind wat dieselfde doen, een soos Hein en Melanie se plaas.

Die middag was weer Marcelle se beurt en was beide gidse baie tevrede om saam met die “tannie van die bosveld” te soek na goeie gehalte Springbokramme , miskien selfs ’n groter ram as die “oom” s’n, want die oom het mos nou gesê hy is klaar gejag en hier is nog baie groot ramme op ons plaas Grenslyn.



Marcelle was bevoorreg en het ses springbokke op die plek laat neersak, almal op afstande meer as 140 meter met haar grootste ram weer op 197 meter. Die ram skat ek is so ietwat oor die 14”. Die resultate wag ons maar voor tydens die jaarlikse trofeemeetkompetisie. Toe ons met die wildvoertuig wat se kant drarakke kreun met springbokke by die huis aankom, vra Melanie wie het al die springbokke geskiet en toe is die antwoord vinnig vanaf die jong manne, “Die tannie met haar groen mamba!!!!”

Daar het ‘n hegte vriendskap en respek ontstaan vir die tannie wat dan meer as die oom skiet en was sy hul nuwe vroue heldin. Hoe dan nou anders vir jong manne wat in die Kalaharisand grootword.

Na die jag het ons selfs ‘n draai by die buurman gemaak en die jagtog afgesluit met ’n koue enetjie, die gasvryheid en hartlikheid van hierdie mense ken geen perke nie. Hul gesegdes en sê-goed trek altyd ’n bosveld-oor se aandag.



Terwyl ons vanaf die buurman se plaas oor die rooi duine ry soos die son sak dink ek aan “die boorgat wat na bewering “uitgeskep is” (droog) op die plaas Uitloer en die groet van ’n ander boer in die omgewing wat na 15:00 op ’n Saterdag nog skaap werk , “op-sy-kop-op-sy-kop”. My denke en drome om ons dalk eendag hier te kom vestig word beaam met die sagte woorde van my geliefde soos die son oor die laaste duin sak “Ek wil nie hier weggaan nie....”


My troos vind ek in Hein se woorde wat intussen ’n goeie vriend geword het , “nou ja toe ‘buurman’ veilig reis, sien julle hopelik weer volgende jaar, vir ’n jagtog hier by ons, wat sommer ’n jaarlikse instelling moet raak, mag jy seën vind in jou soeke na die plaas van julle drome, hopelik hier in ons omgewing, waar die sand onder jou voete jou oortuig dat dit “hier” is waar jul wil bly....

Bosveldgroete en o ja amper vergeet ek: “Hein laat die kinders daai mooi messe wat hulle maak solank slyp, sien julle weer volgende jaar, dieselfde tyd, dieselfde plek.

Charles en Marcelle Pieterse

# JAGTERS BLOKRAAI

Marie Mostert



**Dwars**

2 MIELIEMEEL
5 VEEREIER
8 KIERIESLANG
9 AFNEEMTOESTEL
11 WAPENHUIS
14 KRUPPEL
15 SILWERJAKKALS
18 ZOEMPIE
19 MAN VAN OOI
20 ONTDUIK
21 KANAAL IN INGEWANDE
22 VASTE VERTROUE IN GOD SE WOORD
24 TOESTEM
28 LOPER
30 HEMELSE BROOD
31 INISIEER
32 WAPEN OF MUNT
33 AG-EN-TWINTIG GRAM

**Af**

1 SIMSON SE WAPEN
3 YSTER VIR KOLE
4 SIMBOOL VIR CHRISTUS
6 TOERETELLER
7 ROER
10 WILDESIPRES
12 ONS STER
13 DOOF SOOS 'N KWARTEL
16 KAROODORING
17 KAMDUIKER
18 WILDEVARK
23 VELDHEER
25 HUID
26 GROFGESKUT
27 INGEBURGER
29 MA SE BROER

# NATUUR KOPKRAPPERS

BORDER, LEICESTER EN CORRIE DALE IS ALMAL RASSE VAN WAT?

NOEM DIE MEES INTELLIGENTE FAMILIE VAN VOËLS MET BETREKKING TOT REDENASIE VERMOË...

WATTER LEWENDE VOËLS HET DIE LANGSTE VLERKSPAN?

WATTER DIER IS DIE EMBLEEM VAN DIE VSA SE REPUBLIKEINSE PARTY?

WAT IS DIE NATUURLIKE HABITAT VAN ’N ARBOREALE WESE?

WANNEER BEGIN DIE GROUSE – JAGSEISOEN GEWOONLIK IN DIE VK.?

WATTER GESLAG IS ’N WERKER HEUNINGBY?

DAAR IS VERMOED DAT HONDE VAN WOLWE AFSTAM, MAAR WAT IS DIT WAT WOLWE NIE KAN DOEN NIE, WAT HONDE KAN DOEN?

WATTER SOORT SKEPSEL IS ’n FLUKE?

WATTER KLAS VAN WESENS MAAK MEER AS TWEE-DERDES VAN BEKENDE SPESIES UIT?

# SUDOKU

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | 8 | | | | | 9 |
| | | | | 5 | | 2 | 1 | |
| | 4 | 6 | | 2 | 7 | | | |
| | | | | 6 | | | | |
| 7 | | | 9 | | | | 8 | |
| | | | | | | 5 | 9 | |
| | | 9 | | | 6 | | | |
| | 5 | | | 4 | | | | |
| | 6 | 3 | | | 5 | | | 1 |

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | 9 | | 6 | |
| 3 | | | 4 | | | | | 2 |
| | | | 8 | | | | | |
| | 4 | 9 | | | 8 | | 7 | 6 |
| 1 | | | | | | | | 9 |
| | | | 1 | | | | | 4 |
| | 7 | | 9 | 3 | | | | |
| | | 1 | | 6 | | 5 | | 7 |
| | 5 | | | | | | | |

# Buffel Jag in Zimbabwe

# Dian Prinsloo



"*Die buffelbul is gejag naby Chiredzi in Zimbabwe se laeveld op 10 Julie 2017. Ek het 'n 375 Bruno met 300 gr Norma Oryx Bonded punte gebruik. Die buffel was omtrent 60m weg. Ek het hom skuins van voor af geskiet en hy het omtrent 40m ver gehardloop voordat hy geval het.*

*Die volgende oggend het ons weer die buffels gekry en ek het die ou koei met 'n perfekte blad skoot geskiet op 50m met dieselfde kaliber en punte."* Dian Prinsloo



# Uitblinkers

BAIE GELUK AAN DIE VOLGENDE MENSE:

## Baan offisiere Teoreties geslaag:

Ben Wolff

Jarques Bouwer

Richardt Bouwer

Gerald Marallich

Freddie de Swart

## Instrukteurs kursus geslaag:

Ben Wolff

Len vd Walt

## BJV Skut van die Jaar Voorlopige Uitslae


| Naam | Telling |
|---|---|
| **Mans** | |
| TP Erasmus | 710 |
| Frikkie de Jagger | 615 |
| MJ Erasmus | 610 |
| Ampie du Toit | 585 |
| Jannie van Zyl | 575 |
| **Vrouens** | |
| Simoné du Toit | 610 |
| Mariaan Rademeyer | 545 |
| Tiny Rademeyer | 505 |
| Gezelle Koen | 365 |
| Janette vd Merwe | 330 |

## Jr. Skietdag Uitslae

| Naam | Telling |
|---|---|
| **Jr. / Sr. Dogters** | |
| Simoné du Toit | 1050 |
| Tiny Rademeyer | 1030 |
| Hettie Venter | 830 |
| **Jr. / Sr. Seuns** | |
| Wain du Toit | 1030 |
| Juan Steenkamp | 780 |
| Justin Breytenbach | 650 |
| **Jr. Dogters** | |
| Jessica Bronai | 830 |
| Carli Steenkamp | 790 |
| Cheyene van Zyl | 630 |
| **Jr. Seuns** | |
| Jannes van der Groot | 960 |
| Rickus Smit | 820 |
| Jordan van Greune | 780 |

## Soutpansberg Skiet Klub .303 Kompetisie Uitslae

| Naam | Telling |
|---|---|
| **.303 Opties** | |
| Ampie du Toit | 122 |
| Jannie van Zyl | 99 |
| **Jaggeweer** | |
| Taaiman Jongbloed | 115 |
| Johan van Zyl | 112 |
| Callie Venter | 109 |
| Mate Ugrin | 102 |
| Jannie van Zyl | 100 |
| **Junior Jaggeweer** | |
| Pee Jay Greyling | 91 |
| Junior Smith | 89 |
| Simoné du Toit | 86 |
| Wian du Toit | 69 |
| Eddie Senekal | 45 |
| **.303 Yster** | |
| Ampie du Toit | 96 |
| MJ Erasmus | 83 |
| Mate Ugrih | 61 |
| Jadranko Jakovljev | 60 |



# Kies die regte Koeël

## Deur Gerald Marallich

Stabiliteit van ‘n projektiel is verseker een van die oudste ballistiese probleme. Selfs ‘n pyl neig om te tuimel in vlug as dit nie gestabiliseer is nie. Dit is die resultaat van oneweredige lugvloei vanaf die neus/ voorpunt van die projektiel, wat veroorsaak dat die agterkant van die projektiel die voorpunt wil verby vat; dieselfde beginsel geld by ‘n koeël. Die Lesers moet kennis neem dat aangesien die meeste persone meer bekend is met die Engelse benaming van herlaai tegnieke en metodes word die Engelse benaming hoofsaaklik gebruik.


Dit is al vroeg opgemerk deur die projektiel te laat wentel “spin”, daar nie genoeg lug op kan bou en oor die oppervlak van die projektiel om dit onstabiel te laat begin tuimel nie. Die probleem het egter ontstaan om die regte hoeveelheid “spin” op die projektiel te plaas sodat daar nie meer lug opbou aan eenkant as ‘n anderkant nie.

Geen projektiel is nie 100% stabiel wanneer dit die kroon van die loop verlaat nie. Klein imperfeksies op die kroon en turbulensie veroorsaak deur die ontsnappende gasse aan die agterkant van die projektiel ensovoorts veroorsaak dat die projektiel onstabiel deur die lug vlieg.

Gegewe dat dit kan ‘n projektiel tot op 100m en selfs 200m neem om te stabiliseer, afhangende van die lading. Vir hierdie rede is daar al ondervind dat sekere koeëls beter vaar as ander op korter afstande.

Nou die “spin” van die koeël word bepaal deur die “barrel twist / draai van die loop”. Dit kan eenvoudig gemeet word deur jou skoonmaakstok +/- 1duim (2.5cm) van die kamer af in jou loop te druk, verkieslik met ‘n skoonmaak lappie wat effens styf deur die loop kan beweeg maar nie vashaak nie. Maak ‘n merkie aan die bokant van die stok en druk dan die stok deur die loop totdat die merkie presies weer bo is. Haal die stok uit en meet die afstand wat dit geneem het om een volle omwenteling deur die loop te gemaak het. Dit word in duim gemeet; bv. 1 volle omwenteling het 10 duim geneem dan praat ons van jou loop het ‘n draai “twist” van 1:10.

Met die regte hoeveelheid draai op die koeël sal die neus/voorpunt altyd bo die lyn van die trajek wees.



Om te kan bepaal watter koeël is die regte LENGTE/GEWIG (en albei is ewe belangrik) vir jou draai van jou loop moet ons eers die volgende verstaan.

1. As verwys word na ‘n vinnige draai is dit ‘n loop wat ‘n korter afstand neem om een omwenteling te maak bv. 1:8 is vinniger as ‘n 1:10.

2. Spoed beïnvloed ook die “rate of twist”; hoe hoër die spoed van die koeël wat geforseer word deur die WANDE van die loop hoe hoër sal die revolusies op die koeël wees deur die vlug.

3. ‘n Langer die koeël, kort ‘n vinniger draai om gestabiliseer te word.

4. ‘n Swaarder koeël , kort ‘n vinniger draai om gestabiliseer te word.

<u>Hoe bepaal ons watter Koeël is die regte gewig en lengte vir ons kaliber?</u>

Daar is ‘n verskriklike ingewikkelde formule om dit uit te werk maar gelukkig vir ons is die tegnologie aan ons kant.

Met die hulp van ‘n Excel program wat gratis is, (die webblad is hier onder ) kan dit baie maklik bepaal word.

[XLS] bullet stability calculations - vsms.org
www.vsms.org/Forum/Seite_15/15_BulletStabilityCalc.xls ▾
1, BULLET STABILITY CALCULATIONS. 2. 3, SF, **stability** factor (no units). 4, V, **bullet** velocity (feet per second), SF < 1.0 **Bullet** is not stabilized. 5, BL, overall ...

As die program afgelaai is maak dit dadelik oop in Excel en dit lyk so:

**BULLET STABILITY CALCULATIONS**

| | |
|---|---|
| SF | stability factor (no units) |
| V | bullet velocity (feet per second) |
| BL | overall length of bullet (inches) |
| WT | weight of bullet (grains) |
| TWIST | rate of twist (inches per turn) |
| DIA | bullet diameter (inches) |

| |
|---|
| SF < 1.0 Bullet is not stabilized |
| SF > 1.0 Bullet is marginally stabilized |
| SF > 1.3 = Bullet is fully stabilized |
| SF > 1.5 = Bullet is maximally stabilized |

**Stability Factor Calculation**

| | | |
|---|---|---|
| V | 3150 | |
| BL | 0.91 | |
| WT | 75 | |
| TWIST | 10 | |
| DIA | 0.243 | SF = 1.87 |

**Maximum Length Calculation**

| | | |
|---|---|---|
| SF | 1.30 | |
| V | 3150 | |
| WT | 75 | |
| TWIST | 10 | |
| DIA | 0.243 | LENGTH = 0.99 |

**Minimum Velocity Calculation**

| | | |
|---|---|---|
| SF | 1.30 | |
| BL | 0.91 | |
| WT | 75 | |
| TWIST | 10 | |
| DIA | 0.243 | MV = 2028 |

**Minimum Twist Rate Calculation ****

| | | |
|---|---|---|
| SF | 1.20 | |
| V | 3150 | |
| BL | 0.91 | |
| WT | 75 | |
| DIA | 0.243 | TWIST = 12.5 |

** NOTE : The LOWER the number, the HIGHER the rate of twist (spin)

Jy gaan slegs data intik in die eerste kolom

‘1. “V” velocity/Spoed. Dit kan rofweg bepaal word deur jou “Reloading manual” na te slaan. Dit sal vir jou ‘n minimum en maksimum lading aanbeveel met ‘n voorgestelde spoed op daardie lading.
‘2. BL Bullet length/Koeël lengte – dit word net eenvoudig gemeet en in duim om geskakel.
‘3. WT Bullet weight/ Koeël gewig. Dit behoort op die verpakking te wees en word gemeet in grein (gr).
‘4. Twist/draai van die loop. Word gemeet soos reeds verduidelik.
‘5. DIA Kaliber grootte in duim.

As al die data ingevoer is gaan die program vir jou ‘n resultaat uitwys gemeet in SF=…. ( Stability factor). Dit is die stabiliteit van die koeël en dit kan vergelyk word op die tabel aan die regterkant bo.
Die lesing/ getal wat aanbeveel word is ‘n lesing nie minder as SF= 1.2 nie.

Daar is so groot verskeidenheid van koeëls vandag vrylik beskikbaar, die antwoord op die vraag is wel om ‘n koeël te kies wat die volgende doen: *Dit moet ‘n presiese rigting deur die atmosfeer kan behou op ‘n reguit pad en balans behou tussen uitsetting ”blom” en penetrasie, ongeag watter obstruksies dit kan teëkom op sy pad na die organe.*

Met dit nou in gedagte gaan ons in diepte kyk na die volgende tipe koeëls in vergelyking met lengte, ballistiese ko-effisiënt, penetrasie ensovoorts en na die 5 basiese faktore wat die vlug van ‘n koeël kan beïnvloed naamlik:


1. Stabiliteit en hoe dit ‘n impak het op penetrasie. Reeds bespreek.
2. Spoed (volhoubare spoed “Retained velocity” is baie belangriker as tromp snelheid “muzzle velocity”)
3. Koeël gewig Sectional density
4. Koeël Vorm in vergelyking tot BC(Ballistiese ko-effisiënt)
5. Wind en swaartekrag “gravity”.

## **Spoed en volhoubare spoed**:

Die fundamentele beginsel is ietwat akademies aangesien spoed gewoonlik tred hou met die gewig van die koeël/ballistiese ko-effisiënt en variasies in hierdie faktore kan trajek beïnvloed en verander. Baie jagters is skynbaar onbewus hiervan of hulle ignoreer dit bloot en berou dit gewoonlik. Mense is geneig om nie te veel aandag te skenk aan tegniese detail nie, maar ‘n klein bietjie navorsing sal vir hulle die insig gee hoe om die akkuraatheid van die koeël te vermeerder. Verskeie jagters is van mening dat langer skote net met ‘n ligter koeël

geskiet kan word vir n platter trajek. Diegene wat egter rondspeel met ballistiek raak opgewonde wanneer hulle bevind dat dubbele koeël gewig die energie ook verdubbel. Maar verdubbel die volhoubare spoed( retained velocity) en die energie verhoog viervoudig! Dit is alles goed en wel, maar dit beteken nie dat volhoubare spoed voorgang moet geniet bo koeël gewig nie. Die volgende fout wat hulle gewoonlik maak is om na ballistiese tabelle te kyk vergelykings te maak met trompsnelheid. Dit dring nie tot hulle deur dat hulle nooit die kans gaan kry om die bok met die loop in die ribbes te pomp nie. Hulle moet eerder daarop konsentreer oor wat die koeël oor 200m gaan doen. Met ander woorde waarin ons belangstel is volgehoue spoed en nie trompsnelheid nie. Dit bring ons by die derde aspek naamlik koeël gewig.

**Koeël gewig "sectional density"** is verhouding tussen die koeël se diameter en gewig. (Tegnies gesproke is dit die wiskundige formule wat die koeël se gewigsfaktor teenoor "cross sectional" area verteenwoordig).





In enige spesifieke kaliber is die diameter konstant. Indien ons vir doeleindes van hierdie teorie aanvaar dat alle koeëls perfek silindries is, dan moet die swaarder koeël langer wees, en langer koeëls behou hulle volhoubare spoed. Korter koeëls verloor hulle volhoubare spoed vinniger en val dus meer op langer afstande. Die ligter koeël verloor dus baie van sy volhoubare spoed en effektiwiteit oor 'n afstand van +/-250meter.

Vir ons doeleindes moet daar in gedagte gehou word dat koeëls wat swaarder is in verhouding tot hulle omtrek oppervlakte (en dus in meeste gevalle langer is) hoër koeël gewig (sectional density) het indien die vorm reg is, groter energie en volhoubare spoed op langer afstande sal hê.

Nog 'n faktor wat ingedagte gehou moet word is die konstruksie van die koeël. Die metaal van die buiterand van die koeël is nie so dig soos die lood wat die kern vorm nie. Enige twee koeëls van dieselfde omtrek en gewig behoort dieselfde SD faktor te hê, maar die een met die dunner buite-omslag (en dus meer lood in die kern) sal dus korter wees.

Wanneer dit dus kom by die keuse van die regte koeëls, met die hoogste volhoubare spoed gedurende die vlug daarvan, die platste trajek en grootste energie, moet die volgende faktor, naamlik Ballistiese ko-effisiënt in gedagte gehou word.




**Ballistiese ko-effisiënt** kan omskryf word as die verhouding van die koeël gewig teenoor die vorm daarvan. Die faktor neem dus die vorm van die koeël ook in berekening. Dit is van groot belang want die koeël se vorm bepaal sy vermoë om lug teëstand gedurende die vlug te bowe te kom.

'n Ronde of platneus koeël veroorsaak meer windweerstand en verloor gouer slaankrag as 'n skerppuntkoeël. Selfs die agterkant van die koeël het ook 'n uitwerking. 'n Plat agterkant veroorsaak "drag" wat dit stadiger maak . Kegel vormige koeëls maak egter min verskil en sal slegs effektief wees op skote langer as 400m.

Die mees effektiewe koeël vir maksimum slaankrag is die Kegelvormige "boot-tail spitzer tipe". Hoe swaarder die koeël is hoe beter sal dit wees. Maar hou net weer ingedagte dat Kegelvormige Koeëls 9 uit 10 sal langer wees as die tradisionele plat basis koeël en dit weer in sy beurt n effek sal hê op stabiliteit.

Vir jagdoeleindes is die mees oneffektiewe koeëls die wat ronde neuse het en lig is. Swaarder ronde neus koeëls (en dus langer koeëls) is meer effektief. Langer spitzer koeëls is egter die beste. Die "powder capacity" moet egter nie uit die oog verloor word nie, asook die lengte van die koeël, wat altyd in die magasyn moet pas.

Ligte koeëls met verhoogde trompsnelheid (muzzle velocity) verbeter dus nie die koeël se reikafstand nie. Hierdie aspek het 'n negatiewe invloed op die effektiwiteit daarvan. Hoë ballistiese ko-effisiënt koeëls is dus 'n beter opsie.

*In die volgende uitgawe sal ons bietjie meer in diepte kyk na die tipe koeël en die voordele/ nadele vergelyk en hoe al die bogenoemde faktore n inwerking het op die verkillende koeëls.*



## Bestanddele:

6 Brood rolletjies (middeldeur gesny)

1 Koppie gerasperde Cheddar Kaas

1 Ui (gerasper)

1 groen Soetrissie (fyn gesny)

1 eetlepel fyn Knoffel

1 Koppie Mayonnaise

Rissie sous (opsioneel)

# CORLIA BROODJIES

## Metode:

- Voorverhit die oond tot 200°C
- In ’n bak meng die Kaas, gerasperde Ui, gesnyde Soetrissie, Knoffel, Mayonnaise en Rissie sous saam.
- Smeer Mayonnaise beslag egalig oor elke helfte van elke broodrolletjie.
- Plaas elke halwe broodrolletjies op ’n gesmeerde oondpan
- Bak in die oond vir 30min of tot kaas begin goudbruin word bo-op.
- Bedien warm, hoe varser uit die oond hoe beter!

# Gedruipte *Wildsfilet* vir die Vlamme…

*Hierdie resep is verskaf deur Lourens Mostert en is die sappigste wildsfilet resep wat jy al teëgekom het. Dit word ook op die vlamme gebraai so dis 'n vertoning op sy eie vir jou gaste of familie. Soos Lourens altyd sê "flame grilled… it just tastes beter!"*



## Bestanddele vir Sous:

- 1 Koppie Olyfolie
- 1 Koppie Tamatiesous
- 1 el Fyn Knoffel
- Grof gemaalde peper (na smaak)
- Braai Spesery van jou keuse (Lourens gebruik Six Gun Grill Spice van Crown National)
- 2 el Heuning

## Metode:

Meng al die sous bestanddele saam in 'n bak wat kan dig seël.

Plaas jou Filette in die sous en maak die bak stewig toe. Skud die bak om seker te maak al die vleis word aan alle kante bedek met die sous. Laat staan tot jou vuur reg is. Hierdie sous kan ook gebruik word as 'n marinade.

Filette moet gebraai word op 'n hoë hitte, op die vlamme. Elke keer wat jy jou vleis draai druip dit weer in die sous voor jy dit terug op die rooster sit. Die vlamme sal wild tekere gaan op jou vuurtjie soos die sous afdrup op jou kole.

Die resep werk beter saam Medium to Rou vleis, maar is net so lekker vir die wat die vleisie heeltemal dood wil hê. Bedien vars van die vlamme af!

# Lag 'n Bietjie




Hoe spel mens 'muisvalletjie' met net drie letters?

K-A-T

Wat het die luiperd gesê na ete?

"Ek het nog 'n leë kol hier iewers."

Hoekom staan 'n flamink op een been?

Want as hy die ander een optel sal hy omval.

Wat doen jy met 'n muishond wat sleg ruik?

Neem dit na 'n neus-en keel-spesialis.




Wat het pterodaktiele gehad wat geen ander dinosourus gehad het nie?

Baba pterodaktiele.

Afrikaans definitions

1. HUWELIKSERTIFIKAAT: 'n Soort Jaglisensie wat jou tot een bok beperk;

2. KREDIETKAART: Iets waarvan die limiet ook die mikpunt is;

3. VLEISBRAAI: 'n Partytjie waar die kos so 'n bietjie rou en die gaste so 'n bietjie gaar is;

4. BABA: 'n Soort engel waarvan die vlerke korter word namate die bene langer word;

5. BABAWAENTJIE: Verlede jaar se pret op wiele;

6. BEGROTING: Iets wat jou laat wakker le nog voor jy jou geld bestee;

7. DIEET: 'n Manier van maer word waarvoor jy gou dik word.;

8. ETENSTYD: Die enigste tyd wanneer 'n kind nie wil eet nie;

9. GESINSVAKANSIE: Wanneer jy alles saamneem waarvan jy eintlik wil wegkom;





10. GEWETE: Iets wat pla as alles baie lekker gaan;

11. KORTPAD: 'n Pad waarop jy niemand kan kry om jou te se waar jy is nie;

12 MIDDELJARE: Wanneer jy jou emosies vir simptome verruil.

# ANTWOORDE




.10 Insekte
9, 'n Wurm
.8 Blaf
.7 Vroulik
.6 12 Augustus
.5 'N boom
.4 Olifant
.3 Albatros
.2 Kraaie
.1 Skape

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 5 | 1 | 2 | 8 | 3 | 4 | 6 | 7 | 9 |
| 3 | 7 | 8 | 6 | 5 | 9 | 2 | 1 | 4 |
| 9 | 4 | 6 | 1 | 2 | 7 | 3 | 5 | 8 |
| 2 | 9 | 4 | 5 | 6 | 8 | 1 | 3 | 7 |
| 7 | 3 | 5 | 9 | 1 | 2 | 4 | 8 | 6 |
| 6 | 8 | 1 | 4 | 7 | 3 | 5 | 9 | 2 |
| 1 | 2 | 9 | 3 | 8 | 6 | 7 | 4 | 5 |
| 8 | 5 | 7 | 2 | 4 | 1 | 9 | 6 | 3 |
| 4 | 6 | 3 | 7 | 9 | 5 | 8 | 2 | 1 |

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 4 | 2 | 8 | 5 | 7 | 9 | 3 | 6 | 1 |
| 3 | 9 | 5 | 4 | 1 | 6 | 7 | 8 | 2 |
| 7 | 1 | 6 | 8 | 2 | 3 | 9 | 4 | 5 |
| 2 | 4 | 9 | 3 | 5 | 8 | 1 | 7 | 6 |
| 1 | 8 | 3 | 6 | 4 | 7 | 2 | 5 | 9 |
| 5 | 6 | 7 | 1 | 9 | 2 | 8 | 3 | 4 |
| 6 | 7 | 2 | 9 | 3 | 5 | 4 | 1 | 8 |
| 8 | 3 | 1 | 2 | 6 | 4 | 5 | 9 | 7 |
| 9 | 5 | 4 | 7 | 8 | 1 | 6 | 2 | 3 |

# Bosveld Jagters- en Wildbewaringvereniging

Posbus / PO Box 1771 Pietersburg 0700
**Tel : 015 2913820**
**Faks 0862675365**
E-Pos : pietersburg@bosveldjagters.co.za

# 2017

## INLIGTINGSBROSJURE

Wat is Bosveld Jagters- en Wildbewaringvereniging?
(hierna genoem die BJV)

Soos die naam aandui het BJV twee hoof funksies. Eerstens, die jagter, met alles wat daarmee gepaard gaan. Dink aan etiese kodes, reëls, wette en ordereëlings ten einde jag as `n gekontroleerde sport te beoefen. Dit is ook een van BJV se doelstellings om altyd nog meer jaggeleenthede te bekom vir ons lede.

Daar bestaan reeds 23 verenigings soortgelyk aan BJV met `n gesamentlike totaal van ±20,000 lede. Die meeste van die verenigings word saamgesnoer onder die oorkoepelende sambreel van CHASA wat dan ook as spreekbuis dien vir die jagter in Suid-Afrika. So is daar insette gelewer op regeringsvlak oor sake rakende die jagter in die algemeen.

Daar kan met reg gesê word dat jagters wat nie lid is van `n jagtersvereniging nie, wel direk baat vind by die werk wat deur verenigings soos BJV via CHASA gedoen word - sonder CHASA sou die beperkinge meer omvangryk gewees het.

Tweedens moet elke jagter omsien na die natuur- en wildlewe om te verseker dat hy sy sport in die toekoms steeds sal kan beoefen. Die onoordeelkundige benutting van ons natuurbronne kan onberekenbare skade aan ons wildlewe berokken. So word daar op voortdurende basis deur CHASA bystand verleen aan instansies wat studies in hierdie verband onderneem. Daar is al finansiële hulp verleen aan verskeie projekte soos die hervestiging van die Mofhartebees, die Bastergemsbok en Bosbokke in aangeplante bosbougebiede, die studie oor vrektes onder Koedoes en nog vele meer.

**In kort kom dit daarop neer dat die bewaringfunksie miskien swaarder weeg by die ernstige jagters as die jagaspek omdat laasgenoemde nie kan bestaan sonder die eerste nie.**

**AKKREDITASIE.**

**Die BJV is 'n ge-akkrediteerde Jagters Vereniging in terme van die "Wet op beheer van Vuurwapens" No: 60 van 2000. Ons akkreditasie nommer is 1300084.**
BJV is dus in staat om Toegewyde Jagters Lidmaatskap aan sy lede toe te ken.

## WERKSAAMHEDE

Die BJV poog heeltyds om die funksies soos hierbo gestel uit te leef. Teneinde dit te kan doen onderneem BJV dan die volgende:

**OPLEIDING**
Daar bestaan `n standaard toets wat vrywillig deur lede afgelê kan word om te bepaal of so `n persoon oor die voldoende kennis beskik aangaande sinvolle jag.
Lesings in dié verband word aan elke lid beskikbaar gestel en is voldoende om hom/haar toe te rus vir die eksamen. Die toets is nie daarop gemik om te bepaal wat `n persoon nie weet nie, maar wel om hom in staat te stel om te bepaal of hy oor voldoende kennis beskik vir sinvolle jag. Dit word in goeie gees en ontspanne atmosfeer afgelê en behoort niemand af te skrik nie.

Die neiging by wildboere en instansies is dat slegs bekwame lede van jagtersverenigings in die toekoms op diésulkes se grond sal kan jag. Daarom wil BJV sy lede vroegtydig daarop voorberei.

**JUNIOR OPLEIDING**
Benewens die formele sy van opleiding word daar jaarliks ook opleidingskampe vir junior lede aangebied waartydens die basiese tegnieke van die jagsport geleer word. Dit omsluit byvoorbeeld identifisering van wildsoorte, spoorsny, wapenhantering, veiligheid, natuurbewaring, skootplasing, vleishantering en nog vele meer. Die kampe is uiters gewild en groei die gehalte van talle juniors elke keer konstant. Soortgelyke kampe word ook vir volwasse lede aangebied. Die kursusse is uiteraard meer gevorderd en is meer op die praktiese toegespits.

**SKIETDAE**
Skietdae word op gereelde basis aangebied. Lede kan hulself ook op hierdie gebied bekwaam deur die skiet van die CHASA tabel. Daar word uit veld posisies geskiet sodat lede deurentyd die oefening kry. Skietbalkies word ook op hierdie tabel verwerf.

## ALGEMEEN

**IMPALA**
`n Nuusblad wat kwartaaliks uitgestuur word waarin lede van hul wedervaringe kan deel met almal. Dit bevat ook inligting oor sosiale byeenkomste, kompetiesies, jaggeleenthede en ander verwante wetenswaardighede.

**TROFEEKOMPETISIE**
Vir die lede wat trofee van enige spesie gejag het, word daar jaarliks `n trofeekompetisie gehou waar alle lede kan meeding. Verskillende afdelings bestaan vir die onderskeie wildspesies en daar is ook `n afdeling vir junior lede. Daar is trofeereëls wat nougeset nagekom moet word ten einde te verseker dat alle inskrywings wettig gejag is.

**VOORDELE**
In kort hou die BJV geen finansiële voordele in nie. Dit is `n vrywillige vereniging waar jy as lid `n bydrae kan lewer tot die jagsport en natuurbewaring. U word genooi om die aansoek vorm te voltooi en aktief betrokke te wees by dit wat vir ons en ons kinders belangrik en genotvol is.

**GESINSLIDMAATSKAP**
Gesinslidmaatskap bestaan uit `n primêre lid, sy gade en hul kinders wat 24 jaar en jonger is en wat finansieel afhanklik van die primêre lid is. Slegs die primêre lid ontvang korrespondensie.

**JUNIORLIDMAATSKAP**
Juniors ouer as 18 jaar wat voltyds studeer kan, met toestemming, nog die ledegeld van juniors betaal andersins word alle aansoekers ouer as 18 jaar as senior lede beskou.

# AANSOEKVORM:

**Gesins-Hooflid** ☐ **Senior** ☐ **Junior** ☐

**voltooi in drukskrif asseblief en antwoord elke vraag:**

***[byvoorbeeld fakslyn: – geen]***

**Familienaam/Van**: -------------------------------------------------

**Voornaam/e** : -------------------------------------------------

**Noemnaam:** ---------------------------------------------------

**Selfoon:** ………………………………………….

**ID Nommer:** ………………………………………….

**Beroep:** ………………………………………….

## ALGEMENE INLIGTING:

**Woonadres: Plaas /Woonstel:** ------------------------------------------

**Str.:** --------------------------------------------------**[kode** --------------**]**

**Posadres: Postnet Suite:** ----------------- **Bus:** ---------------------

**Dorp/Stad**-------------------------------------------.**[kode** -------------**]**

**Landlyn: [kode ………] No:** ……………………….

**Fakslyn: [kode ……….] No:** ……………………….

**E-Pos :** …………………………………………………

**U TAK--KEUSE:** ……………………………………..

******************************************************

**Lidmaatskap is vanaf 1 Maart 2016- 28 Februarie 2017**
**Aansluitingsgelde beloop eenmalig R350.00.**
**Ledegelde word pro-rata per kwartaal bereken as volg:**

**GESIN R 950.00 + R350 = R1300.00**

**SENIOR R 700.00 + 350.00= R1050.00**

**JUNIOR R150.00**

**HOOFLID SE GADE:**

**Familienaam/Van :** ……………………………

**Voornaam/e :** ………………………………….

**Noemnaam:** ………………………………….

**Selfoon :** ………………………………….

**ID Nommer:** ………………………………….

**Beroep:** ………………………………………….

VERKLARING DEUR AANSOEKER:
Ek, die ondergetekende applikant, verklaar hierby eerbiedig dat:
Die inligting hierbo deur my verstrek waar en juis is, en dat ek nog nooit skuldig bevind is aan `n oortreding van enige wildwette, ordonansie of regulasie nie en dat indien my aansoek slaag ek my daartoe verbind om:
Die reëls en Grondwet van die BJV getrou na te kom en om my ondergeskiktheid te verklaar aan die Dissiplinêre kode van BJV; getrou verdedigend op te tree in die bewaring van die land se natuurbronne; naamlik sy grond, plantegroei, water en sy natuurlewe.

Aldus gedoen en geteken op ………… dag van ………………………20…… .

AANSOEKER: --------------------------------------
Aanbeveling van bestaande lede:
Ons die onderstaande lede verklaar dat die applikant in alle opsigte `n geskikte persoon is om lid van die vereniging te word.
Naam: ……………………… Lid nr: …………

Naam: ……………………… Lid No: ……………

**Tjeks word uitgemaak aan BOSVELD JAGTERS VERENIGING**
***U mag nie meer BJV op u tjeks skryf nie.***

**Bank besonderhede:**
ABSA BANK , REK: 205 014 6513
Tak kode:334-149, Tjek rekening

**Vir Kantoor gebruik :**

**Goedgekeur: Datum:** -------------------------------------------------

**Handtekening:** ---------------------------------------------------------

**P** ☐ **I** ☐ **G** ☐ **L** ☐ **K** ☐ **T** ☐

**Addisionele Gesinslede:**

**1. SEUN** ☐ **DOGTER** ☐

**Voornaam/e:** ………………………………….

**ID Nommer:** - - - - - -/- - - -/- - -
**[óf geboorte datum]**

**Student** ☐ **Skolier** ☐ **Voorskool** ☐

**Selfoon :** ………………………………………….

**2. SEUN** ☐ **DOGTER** ☐

**Voornaam/e :** ………………………………….

**ID Nommer:** - - - - - -/- - - -/- - -
**[óf geboorte datum]**

**Student** ☐ **Skolier** ☐ **Voorskool** ☐

**Selfoon:** ………………………………………….

**3. SEUN** ☐ **DOGTER** ☐

**Voornaam/e :** ………………………………….

**ID Nommer :** - - - - - -/- - - -/- - -
**[óf geboorte datum]**

**Student** ☐ **Skolier** ☐ **Voorskool** ☐

**Selfoon:** ………………………………………….

**4. SEUN** ☐ **DOGTER** ☐

**Voornaam/e:** ………………………………….

**ID Nommer:** - - - - - -/- - - -/- - -

**[óf geboorte datum]**

**Student** ☐ **Skolier** ☐ **Voorskool** ☐
**Selfoon :** ………………………………………….



# BRIEF VAN DIE REDAKTRISE

Ek is gesê om 'n ietsie te skryf... Nou ja, om die waarheid te sê is ek nie seker wat om te sê nie... Dit is vir my 'n eer en 'n voorreg om die taak van redaktrise aan te pak. Dis iets wat ek nog altyd geniet het en hoop om in die toekoms ons nuusbrief na nuwe hoogtes te neem.

Soos van julle sal weet, (en vir die wat nog nie weet nie) ek is Marie Mostert. Ek werk by Charles Pieterse Prokureurs as 'n kandidaat prokureur (en hopelik voor die eind van die jaar 'n "volbloed" prokureur in my eie reg...) My man is Lourens Mostert; hy werk by Maroi Boerdery in Musina as die Wildsplaas bestuurder en hy is ook 'n professionele jagter. Ek het ook 'n wonderlike 2 ½ jarige dogtertjie, Lydia, en nog een op pad, Mia... Genoeg oor my!

Ek wil eerstens dankie sê aan al die lede van die bestuur wat my bygestaan het met die bymekaarsit van ons nuusbrief. Tweedens wil ek dankie sê aan al ons lede wat hulle wonderlike stories en foto's ingestuur het. Die nuusbrief is vir die lede en ons hoop om die lede se stories te vertel, so ons is dankbaar vir die wat reeds vertel het en die wat nog gaan vertel..

Ons het lang dae gewerk aan die nuusbrief en ek hoop van harte julle geniet hom. Stuur gerus vir my enige idees en of kommentaar en 'n briefie of so aan die lede, van die lede, is ook welkom!

Dan groet ek vir eers. Praat weer gou! Laat hoor van julle!

Epos: MARIE@LAWPROC.COM

WhatsApp: 074 114 8270

**"Hy het jou bekend gemaak, o mens, wat goed is; en wat vra die Here van jou anders as om reg te doen en liefde te betrag en ootmoedig te wandel met jou God? Om die Here te dien, dit is wysheid." Miga 6:8-9**

# LOS JOU VOETSPORE IN ONS NUUSBRIEF!

**HOU JY VAN ONS NUWE NUUSBRIEF?**

**WIL JY GRAAG HÊ ONS LESERS MOET WEET VAN JOU?!**

**Vir meer Inligting kontak ons by:**

**marie@lawproc.com**



# ADVERTEER JOU BESIGHEID, WILD EN JAG GELEENTHEDE HIER!



**Saamgestel deur Marie Mostert**
**Skakelbeampte Soutpansberg BJV**
**marie@lawproc.com / 074 1148270**